## TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans – Vraestel 2** | **Eksaminatrise** | **Mej Meyer** |
| **Datum** | **19 November 2018** | **Totaal** | **40 punte** |
| **Sessie** | **1** | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **6** | **Moderator** | **Mev Pienaar** |

**Spesiale Instruksies**

- Lees al jou vrae goed deur.
- Moenie enige spasies oop los nie.
- Gebruik jou tyd goed.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Die toets bestaan uit twee afdelings
- Afdeling A is leesbegrip. (25)
- Afdeling B is Taalleer. (15)

This assessment has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School resource material. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

**Naam:** ______________________________ **Graad: 6**______

---

**AFDELING A: LEESBEGRIP** **(25)**

Lees die storie, “**Maak oop die boks**”, en beantwoord dan die vrae. Gebruik die woordelys om te help.

| | |
|---|---|
| Aandag | Attention |
| Vraestel | Question paper |
| Wetenskap | Science |
| Uiterse | Extremely |

| | |
|---|---|
| Nonsens | Rubbish |
| Swak | Weak |
| Inneem | Take |
| | |

**Eksamen stres**

“ Oukei, ek weet ek moet iets skryf.” dink ek by myself. “Oor ŉ uur gaan juffrou my vraestel inneem en ek het geen idee wat hier aangaan nie ” “Ek hoor hoe Jason sy pen klik, Sandra haar keel skoonmaak en iemand wat sy voete op die vloer tik.”

“Ek weet ek moes eerder gister aand geleer het maar die program op televisie oor dinosourusse was net te interessant. Nou weet ek wat bedoel word met *spyt kom te laat.”*

"Kom aan Louis jy het nie tyd om aan nonsens te dink nie, fokus," probeer ek weer aandag gee aan my vraestel.

"Die tik tik van die horlosie wil my mal maak. Ek weet ek het al van die goed gehoor. As ek net meer opgelet het, of beter geluister het en na mnr. Swart.

"Noem die verskil tussen die Khoi en die San..." "Ek haat Sosiale Wetenskappe, Geskiedenis gaan tog oor dinge wat al lankal gebeur het, hoekom moet ek dit weet?"

"My ma gaan so kwaad wees vir my, want my rapport gaan glad nie goed lyk nie" Ek hoor haar al "Jou rapport is uiters swak, glad nie jou beste nie, Louis!"

Skielik klik iets net en ek kan skielik onthou. Ek skryf vir die volgende ruk sonder ophou.

"5 Minute" se juffrou.

Ek skryf en skryf en skryf. "Ek antwoord die laaste vraag net toe juffrou se "Stop!"

*Woorde: 225*

*Gewerk vanaf www.quora.com*

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

1.1 Wat is die titel van die storie? (1)

_______________________________________________

1.2 Waar vind die storie plaas? (1)

_______________________________________________

1.3 Wie is die hoofkarakter in die storie? (1)

_______________________________________________

1.4 Vind 'n woord in die storie (reël 7) wat vir ons sê dat die persoon aan niks belangrik gedink het nie. (1)

_______________________________________________

1.5 Hoekom het Louis nie vir sy toets geleer nie? (1)

_______________________________________________

1.6 Hoekom voel dit of hy mal word? (1)

_______________________________________________

1.7 Watse eksamen skryf die kinders? (1)

_______________________________________________

1.8 Wie het met sy pen gespeel in die klas? (1)

______________________________________________

1.9 Verduidelik in jou eie woorde hoekom Louis nie hou van sosiale wetenskap nie? (1)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

1.10 Hoekom baklei Louis met homself omdat hy aan nonsens dink? (1)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

1.11 Dis snaaks dat Louis nie van Sosiale wetenskap hou nie maar hou van dinosourusse, hoekom is dit snaaks? (onderstreep die regte opsie) (1)

a. want hy het nie geleer nie.

b. hy hou nie van nuwe dinge nie

c. al twee het te doen met die verlede



1.12. Wat beteken die frase "spyt kom te laat"? (1)

______________________________________________

1.13. Wat dink jy sou gebeur het as Louis geleer het en nie tv gekyk het nie? Hoekom? (2)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

1.14. Dink jy dit is 'n ware storie? Verduidelik jou antwoord. (2)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

1.15. Dink jy dat Louis se ma reg is as sy kwaad raak oor 'n swak rapport? Verduidelik jou antwoord. (2)

______________________________________________

______________________________________________

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

1.16. Watse deel van die storie het jy die meeste geniet? Verduidelik hoekom jy so voel.(2)

________________________________________________________________

________________________________________________________________

1.17. In reël 15 staan: "skielik klik iets net en ek kan skielik onthou". Hoe dink jy het Louis gevoel toe hy skielik sy werk kan onthou? (1)

________________________________________________________________

1.18. Hoe sal jy voel as jy 'n slegte rapport kry? Verduidelik jou antwoord. (2)

________________________________________________________________

1.19. Het Louis sy vraestel klaar gekry? Hoe dink jy voel hy daaroor? (2)

________________________________________________________________

**TOTAAL: 25**

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

---

**AFDELING B:TAALWERK** **(15)**

**TAALKONSTRUKSIES EN KONVENSIES**

2.1 **Skryf** die volgende afkorting volledig uit. (1)

mnr. __________________________________________

2.2 Die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sin is_______? **Onderstreep** die regte antwoord. (1)

***Die program was baie interessant gewees.***



a. program
b. interessant
c. baie
d. was

2.3 Gee 'n **antoniem** vir **sleg gedoen** ____________________ (1)

2.4 Gee 'n **sinoniem** vir **uitstekend** __________________________ (1)

2.5 Voltooi die tabel. (2)

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| vraestel | **2.5.1** | **2.5.2** |

2.6 **Skryf** die volgende sin in **verlede tyd**. (1)

*Ek kyk na 'n program oor dinosourusse op televisie.*

________________________________________________________________

________________________________________________________________

2.7 **Skryf** die volgende sin oor in die **indirekte rede**. (1)

*"Julle moes harder geleer het" se juffrou.*

______________________________________________

______________________________________________

2.8 Vul in 'n korrekte **lidwoord** in die volgende sin. (1)

*"________ was 'n moeilike vraestel."*

2.9 **Onderstreep** die **werkwoord** in die volgende sin. (1)

Hy het die antwoorde reg geskryf.

2.10. Sê watse tipe **voornaamwoord** in die volgende sin gebruik is. Gebruik die woorde in die blok om jou te help. Onderstreep die woorde wat jy kies. (1)

Die vraestel wat **hy** skryf is baie moeilik.

| | |
|---|---|
| Persoonlike voornaamwoord | Besitlike voornaamwoord |
| Aanwysende voornaamwoord | Onpersoonlike voornaamwoord |

2.11 Sê watse **tipe sin** die volgende sin is. **Onderstreep** die regte antwoord tussen hakkies.

Jy moet hard leer vir die eksamen! (vraagsin, bevelsin stelsin) (1)

2.12. Maak 'n **afleiding** van die woord ***leer*** deur 'n **voorvoegsel** by te sit. (1)

______________________

2.13. Een van die woorde in die volgende sin is **verkeerd** gespel. **Kies en onderstreep die regte woord tussen hakkies.** (1)

Die kinders het baie (hard/hart) geleer vir die eksamens.

______________________________________________

2.14. Skryf die volgende sin oor in die **lydende vorm.** (1)

Die kinders skryf 'n toets.

______________________________________________

**TOTAAL: 15**

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL